Vrou se twis oor strukture op haar erf gaan in die hof draai

JEANNE-MARIÉ VERSLUIS
Johannesburg

'n Vrou van Thailand wat glo in 2007 ontdek het daar het skielik 'n reservoir en pompstasie op haar erf in Suid-Afrika verrys, het die Maruleng-munisipaliteit (Hoedspruit) hieroor hof toe gevat.

Dié munisipaliteit sê egter in hofstukke in die hooggeregshof in Pretoria die reservoir en pompstasie is opgerig lank vóór me. Reinette Wessels eienaar van die erf geword het.

Die geding tussen hulle word op 31 Januarie 2011 in dié hof aangehoor.

Wessels, van Bangkok, wil hê die munisipaliteit moet alle strukture wat hy op Erf 68 in Kampersrus by Hoedspruit opgerig het, verwyder.

Haar pa, mnr. Marius Johan Wessels, sê in hofstukke die koopkontrak vir die erf is op 28 Augustus 2006 geteken.

Hy sê die munisipaliteit het "sonder enige toestemming" die waterpompstasie opgerig in die middel van die erf.

Mnr. Wessels het foto's van die pompstasie en 'n foto van 'n "buitetoilet" op die erf by die hof ingedien.

Toe hy die erf middel 2006 nagmens sy dogter gaan besigtig het met die oog daarop om dit te koop, "was daar geen konstruksie op die eiendom nie".

Hy sê hulle het teen Januarie 2007 agtergekom "dat daar skielik 'n konstruksie op die eiendom verrys het".

Hy sê daar is ook 'n "probleem met 'n Eskom-kraglyn wat oor die eiendom opgerig is sonder enige serwituut wat geregistreer is. Die probleem van die Eskom-kraglyn is egter 'n ander probleem en sal nie in hierdie aansoek aangeroer word nie."

Luidens die munisipaliteit se hofstukke verskaf die reservoir en pompstasie noodsaaklike dienste aan die inwoners van die Kampersrus-gebied.

Luidens sy hofstukke het me. Wessels die erf op 13 Desember 2006 vir R10 000 gekoop.

Volgens die munisipaliteit was die pompstasie en reservoir reeds in Januarie 2005 opgerig.

Hoof roep halt ná 'n 'leeftyd' by skool

JOANÉ VAN DER MERWE
Port Elizabeth

Die Primêre skool Hillcrest in Gelvandale is een van sy kosbaarste stukkies goud, wat 42 jaar lank die wel en wee van die skool help bepaal het, kwyt.

Dit is nou me. Anne Campher (60), wat boonop die laaste tien jaar ook hoof van die skool was. Gister het sy afgetree.

"Ons besef dat ons 'n stukkie goud verloor. Ons is almal baie hartseer. Ek probeer maar sterk wees, maar ek was hier die dag toe sy begin skool gee het en nou moet ek sonder haar aangaan," het me. Rina Potgieter, voorsitter van die skool se beheerraad, gister gesê.

Campher het haar trane net so ferm soos haar beheer oor die skool probeer inhou, maar toe die finale tot siens kom, het dit in oorvloed gevloei.

Sy was maar 18 toe sy vir die eerste keer voor 'n "Sub B"-klas moes staan.

"Ek kan nog onthou hoe ons vyf-en tiensente met geldinsamelings getel het en self kos vir die kinders tydens toere moes maak. So baie het oor die jare verander," het Campher gesê, wat steeds soos die jonger weergawe van haarself op foto's teen haar kantoor se muur lyk.

"Dit is seker die wonderlike mense saam wie ek werk wat my so jonk gehou het, en die kinders, veral die kleintjies. Hulle weet nie mooi wat aangaan nie en is net in staat om vir jou liefde te gee," het Campher gesê.

Sy het haar hele 42 jaar lange loopbaan by Hillcrest deurgebring.

"Ek het oor die jare baie rustiger geraak, maar dit is nodig om "kwaai" te wees om dissipline te handhaaf. Jy moet baie lief vir kinders wees, maar dan bring onderwysers kinders hier by jou kantoor in wat stout was – dan moet jy raas, maar ons raas omdat ons vir hulle lief is. Die laaste ding wat ons wil hê, is dat enige kind as 'n skollie uitdraai. Ons is tog die kinders se mammas deur die dag," het Campher met 'n glimlag gesê.

Dankie vir 42 jaar: Me. Anne Campher (60) kyk gister deur kaartjies en geskenke wat sy van leerders en kollegas van die Primêre skool Hillcrest in Gelvandale ontvang het. Campher, wat tien jaar die skoolhoof hier was, het gister ná 42 jaar by dié skool afgetree. **Foto's: DEON FERREIRA**

NASIONALE TOEKENNINGS

Onnies kry vanjaar geen pryse

Staking het stok in wedstryd se wiel gesteek

ALET RADEMEYER
Johannesburg

Die nasionale onderwysertoekennings is vanjaar van die baan en dít kan direk aan die landwye staking toegeskryf word.

Dié toekennings is die afgelope byna tien jaar 'n prestige-geleentheid waartydens die departement van basiese onderwys onderwysers in verskillende kategorieë vir hul toewyding en prestasies beloon en vereer.

Die Burger het betroubaar verneem die Gautengse funksie moes op 9 September gebeur, maar dit was "in die middel van die staking" en is gevolglik gekanselleer.

Die provinsiale sowel as die nasionale wedstryd is uitgestel, het dr. Granville Whittle, woordvoerder van basiese onderwys, gister gesê.

"Die nasionale funksie moes volgende maand gehou word, maar die departement het dit tot volgende jaar uitgestel omdat sy fokus nou op onderrig en leer is."

Hy het gesê die staking het 'n groot rol in die besluit gespeel.

Van die Gautengse finaliste, wat anoniem wil bly, het hul misnoeë met die verloop van sake uitgespreek veral nadat "derduisende rande" glo bestee is om die onderhoude in 'n luukse hotel aan die Oos-Rand te hou.

Whittle kon nie gister bevestig hoeveel geld die departement jaarliks vir dié wedstryd begroot nie.

Die wedstryd was ook verlede jaar in omstredenheid gehul toe die Tshwane-onderwysdistrik onderwysers daarop gewys het dat hulle nie die inskryfvorms in Afrikaans mag voltooi nie.

Die lys van "voorwaardes" het ook ingesluit dat "handtekeninge nie oor die lyne mag gaan nie".

Mnr. Chris Klopper, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), het gesê daar was sprake dat die wedstryd gekanselleer gaan word.

Hy het gesê die SAOU boikot nie die wedstryd nie, maar daar is tog 'n gevoel onder SAOU-lede dat hulle nie 'n billike kans in dié wedstryd kry nie en dat daar selde erkenning vir hulle is wat uit skole kom waar die leerlinge die beste vaar. Klopper het gesê die SAOU gaan 'n aanvullende wedstryd ondersoek.

Vlag van demokrasie 'wapper' by US

Kaapstad. – Die "vlag van demokrasie" wat verlede jaar byna opgeveil is, word nou by die Universiteit Stellenbosch (US) gehuisves.

Die vlag, met die handtekeninge van oudpress. Nelson Mandela, F.W. de Klerk en Thabo Mbeki, was een van vier wat tydens Madiba se inhuldiging as president in 1994 deur helikopters oor die Uniegebou in Pretoria gevlieg is.

Die vlag is deur Giuseppe Ciucci, 'n graduandi van Stellenbosch, namens 'n trust gekoop met die verstandhouding dat dit na Suid-Afrika teruggebring sal word.

Die universiteit het gesê dit sal tot Maandag in bewaring bly, wanneer dit aan me. Lulu Xingwana, minister van kuns en kultuur, oorhandig sal word. – **Sapa**

Opgeleide verkeerslui steeds sonder werk

JOANÉ VAN DER MERWE
Port Elizabeth

Hulle het vir die opleiding betaal en selfs die duur uniforms gekoop, maar 36 pas opgeleide verkeerskonstabels van Gelvandale sit tien maande nadat hulle gekwalifiseer het steeds sonder werk.

Mnr. Dacre Haddon, DA-LPW, sê die groep het groot onkoste aangegaan om die opleiding te kry.

"Private studente (soos die groep van 36) het elk R9 100 vir die kursus betaal. Die uniform het elkeen 'n verdere R3 000 gekos.

"Die Nelson Mandelabaai-metro het dus R435 600 uit dié 36 studente gemaak."

Die kursus, wat by die Groenbossies-verkeerskollege deur die metro aangebied is, het van Junie tot Desember 2009 plaasgevind.

"Daar is 101 leerders wat dit suksesvol voltooi het; 65 van hulle het beurse gehad en is deur die metro in diens geneem.

"Waarom word die studente wat self vir hul studie betaal het, nie dieselfde geleentheid op indiensneming gebied nie?"

Hierop het mnr. Kupido Baron, metro-woordvoerder, gesê dat die beursstudente aangestel is omdat die staat in hulle belê het.

"As mense opleiding deur 'n kollege ontvang, beteken dit nie dat hulle aangestel gaan word nie.

"Dit hang af van hoe hulle presteer het. Hulle kan ook by enige ander plek aansoek doen vir werk," het Baron gesê.

Haddon betwis dit en sê dat die studente ander werke opgegee het om die opleidingsgeleentheid aan te gryp wat in verskeie koerante geadverteer is.

"Dit is onmoontlik vir die studente om elders werk te kry; hulle kan slegs deur die staat aangestel word en verkeersdepartemente elders verkies mense van hul eie gebied."

Volgens Baron kan hy nie kommentaar lewer oor werk wat glo aan leerders beloof is nie, aangesien daar nie bekend gemaak is wie dit sou gedoen het en wanneer die werk aan die leerders beloof is nie.

Mnr. Dacre Haddon, DA LPW (links), praat gister met pas opgeleide verkeerskonstabels wat meen hulle is deur die metro in die steek gelaat nadat hulle uit eie sak vir hul opleiding betaal het. Langs Haddon staan mnr. Kiyaam Dowers, me. Valery Munnik en mnr. Roger Kettledas. **Foto: WERNER HILLS**

AfriForum Jeug klop Sasco in studenteraadsverkiesing

VIRGINIA KEPPLER
Pretoria

AfriForum Jeug het die studenteraadsverkiesing by die Universiteit van Pretoria (UP) gewen.

AfriForum Jeug het met sy eerste deelname aan dié verkiesing 1 762 stemme getrek. Die ANC-geaffilieerde studente-organisasie Sasco was kort op sy hakke met 1 575 stemme.

Die DA se studentebeweging het die derde meeste stemme, 860, behaal. Altesaam 756 studente het vir die VF+ gestem, 316 vir Cope en 217 het vir Pasma (die PAC se studente-organisasie) gestem.

Tydens die aankondiging van die uitslag gister is die verkiesing ook vry en regverdig verklaar.

Mnr. Ernst Roets, AfriForum Jeug se nasionale voorsitter, het gesê: "Dit is ongelooflik goeie nuus. Ons het daarin geslaag om 'n alternatief te skep vir studente wat goeie studenteverteenwoordiging wil hê en wat nie partypolitieke agendas by die UP wil bevorder nie."

Deur aan die verkiesing deel te neem, het AfriForum Jeug verhoed dat Sasco beheer oor die UP-studenteraad neem, "soos wat hulle reeds by die Universiteit van die Vrystaat (UV) en ander universiteite gedoen het".

"Ná die Sasco-oorwinning by die UV het die UV-studenteraad begin om 'namens' studente met die UV te onderhandel vir die afskaffing van Afrikaans en koshuistradisies, en die implementering van strenger kwotastelsels."

Volgens Roets het die studente groot aanklank by AfriForum Jeug se veldtogte vir die bevordering van Afrikaans en studenteregte, en die beskerming van koshuistradisies gevind.

"Met dié mandaat wat studente aan ons gegee het, beoog ons om in 2011 drie groot oorwinnings vir studente te behaal." Dit is die beskerming en bevordering van Afrikaans by die universiteit, die aanvaarding van 'n meer omvattende handves van studenteregte en die beskerming van koshuistradisies by die UP.

Roets het gesê hulle glo in goeie samewerking met opposisiepartye en gaan in gesprek met die ander organisasies tree.

'n Bronnegids vir geskiedenisonderwysers is deur 35 leerders en hul onderwysers van vier Cradock-hoërskole opgestel. By die bekendstelling Donderdagaand was van links me. Yolisa Nciza, provinsiale koördineerder van geskiedenis by die Oos-Kaapse departement van geskiedenis, Sesethu Matsila en Andiswa Mangesana van die Hoërskool Matthew Goniwe en mnr. Cecyl Esau van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening (IJR). Agter, van links, is mnre. Tulile Barayi, 'n geskiedenisonderwyser by die J.A. Calata Senior Sekondêre Skool, en Dario Isaacs, 'n geskiedenisonderwyser by die Michausdal Senior Sekondêre Skool. **Foto: LEON HARMSE**

Cradock se mondelinge geskiedenis in spesiale bronnegids

ANRI HENDRIKS
Port Elizabeth

'n Groep van 35 hoërskoolleerders van Cradock het baanbrekerswerk gedoen met die opstel van 'n bronnegids oor die mondelinge geskiedenis van dié dorp.

Duisend eksemplare gaan aan geskiedenisonderwysers in die Oos-Kaap versprei word.

Die gids, *Building Blocks for Democracy – Democratic Participation*, gaan ook deel vorm van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening (IJR) se eerste volume oor mondelinge geskiedenis wat later aan skole in ál nege provinsies versprei gaan word.

Werk het reeds in Welkom in die Vrystaat begin met die tweede deel van die projek.

Leerders van die J.A. Calata-, Michausdal-, Matthew Goniwe- en Cradock-hoërskole het Donderdagaand in Cradock by die bekendstelling van die gids trots vertel hoe baie hulle oor hul dorp en sy mense geleer het.

'n Groot deel van die gids handel juis oor die vier vryheidsvegters, oftewel die Cradock-vier – Matthew Goniwe, Fort Calata, Sparrow Mkhonto en Sicelo Mhlauli – wat in 1985 deur lede van die destydse veiligheidspolisie vermoor is.

"Ek het nooit besef hoe onselfsugtig hierdie vryheidsvegters werklik was nie," het Sesethu Matsila , 'n gr.12-leerder aan die Hoërskool Matthew Goniwe, gesê.

"Hulle het lank sonder kos en water klaargekom. En hoe bang moes hulle nie by tye gewees het nie? Alles sodat ek 'n beter toekoms kon hê."

Wat Matsila se skool se deelname so spesiaal maak, is dat die skool tot baie onlangs toe nie geskiedenis as vak aangebied het nie, maar dit nou vanweë belangstelling in die projek weer wil doen.

Matsila en die ander leerders het hul Junie- en September-vakansies in 2009 opgeoffer om deel te wees van die projek wat deur die IJR bestuur en deur die Evangelischer Entwicklungsdienst (EED), 'n vereniging van protestantse kerke in Duitsland, gefinansier is.

Hulle en hul geskiedenisonderwysers het onder meer werksessies bygewoon oor hoe om onderhoude met mense te voer om feite oor mondelinge geskiedenis op te diep.

Hulle is ook geleer hoe om foto's te neem en kort geskiedenisvideo's te skiet.

Die Nasionale Engelse Taalmuseum (NELM) in Grahamstad het ook vir hulle geleer hoe om 'n argief op te stel.

Die video's en foto's is reeds aan die Cradock-biblioteek geskenk sodat dit bewaar kan word.

In hul onderhoude het die leerders onder meer die ouer garde wat in Cradock woon, gevra om 'n visie vir Cradock teen 2010, sowat 25 jaar ná die eerste demokratiese verkiesing, te verwoord.

Mnr. Dario Isaacs, 'n geskiedenisonderwyser by Michausdal, het gesê vir hom is daar 'n noue verbintenis tussen mondelinge geskiedenis en versoening.

"Hierdie projek het my gewys dat ons ons jongmense kan leer om politiek beter te verstaan."

■ Cradock gaan van 24 tot 28 Oktober die 25ste herdenking van die Cradock-4 vier.